# Nuwe Tukkie plant n Swartbasboom

by Stella du Plessis

Posted on 17 Januarie 2008

Die jaarlikse boomplantseremonie tydens die Universiteit van Pretoria (UP) se Verwelkomingsdag vir eerstejaarstudente vind op 19 Januarie 2008 op die kampus plaas.
Drie Swartbasboompies (*Diospyros whyteana*), vanjaar se boom van die jaar, sal onderskeidelik geplant word deur ʼn eerstejaarstudent, mnr Molatelo Thebe; die Visekanselier en Rektor van UP, prof Calie Pistorius; en prof Susan Adendorff, ʽn lid van die TuksAlumni Raad. Molatelo gaan vanjaar B. Ing (Mynbou-ingenieurswese) studeer.

Die gebruik het in 2001 onstaan om jaarliks tydens Verwelkomingsdag ʼn inheemse boom namens die klas van die betrokke jaar te plant. Die eerstejaarstudent verteenwoordig dus die jaargroep terwyl die boom as simbool van die jaargroep en latere alumni dien. TuksAlumni, die Universiteit van Pretoria se oudstudentevereniging organiseer die geleentheid.

Die bome wat reeds so geplant is, is ʼn Riviervaderlandswilg, ʼn Kasuur, ʼn Bostaaibos, die Bergsering, ʼn Kremetart, ʽn Wildegranaat en ʽn Gewone Taaibos. Vorige studente wat as nuweling-eerstejaarstudente aan dié seremonie deelgeneem het, is wyle Rizqa Carriem (2001); Christa-Louié van Heerden (2002); Ingeborg Steinmann (2003), Tshepo Moila (2004), Dewald de Beer (2005), Atli Phatudi (2006) en Jaco Jordaan (2007).